

Die HERE openbaar sy genade aan 'n Fariseër

Die kerk in die spieël van Jona

Dr AH Bogaards

2017

Preek 7

Lees: Jona 3:10-4:1-4

Teks: Jona 4:1-4 (Reeks Jona nr. 7)

Datum: 92:1,6; 31:1,2,17; 133:1,2; 98:1,2; 102:1,8

Psalms:

1. Inleiding

Die evangelie is nie na die mens nie. Daarmee bedoel Galasiërs 1:11: Die evangelie val nie in ons smaak nie. Die mens en sy werke bly in die evangelie totaal en al in die slag.

Teen hierdie evangelie verset die ou mens in ons hom en hierdie verset sien ons ook by Jona, ook in sy gebed in ons teks.

- Jona se **eerste gebed** in Jona 2 is 'n **loflied**. Hy **juig** oor God se genade.
- Sy **tweede gebed** in hoofstuk 4 is 'n **klaaglied**. Hy **huil** oor God se genade

Daar word **gejubel** en **gejammer** in Jona.

Drie gedagtes:

1. **Aanleiding** tot Jona se tweede gebed (v1) - God se genade;
2. **Inhoud** van Jona se tweede gebed (vv 2,3) – téén God se genade;

3. **Verhoring** van Jona se tweede gebed (v 4) – danksy God se genade.

2.1 Aanleiding tot Jona se tweede gebed (v1)

Nog veertig dae, dan word Nineve verwoes. Dit was die Woord wat Jona in opdrag van die HERE in Nineve moes bring.

Nadat hy sy prediking beëindig het, het Jona die stad aan die oostkant verlaat. Op 'n klein afstand van die stad het hy op 'n heuwel gaan sit. Vanaf die hoër punt het hy 'n beter oorsig oor die stad gehad. Vandaar kon hy mooi sien wat met die goddelose Nineve gaan gebeur.

Maar die een dag het gekom en die ander dag het gegaan: Dag een, dag twee ... en ook dag veertig het gekom en gegaan en – daar het **niks** met Nineve gebeur nie.

Die oordeel van die HERE het Nineve nie getref nie. En die rede gee Jona 3: Want Nineve het hulle in God geglo op die prediking van Jona. Hulle het hulle bekeer tot God se genade. Daarom het die HERE afgesien van die onheil waarmee Hy hulle gedreig het.

Wat 'n **onbeskryflike groot wonder** was dit nie. Hulle het niks anders as die toorn van God verdien nie. Hulle het die **dood** verdien, maar hulle ontvang die **lewe**. Hoe sou die mense van Nineve nie gejuig het oor God se genade nie. Dit was sekerlik vir hulle 'n rede tot groot blydskap.

En Jona? Hieroor moes die dominee tog bly wees, nie waar nie? Vrugte op sy prediking! Dit maak 'n prediker so gelukkig om resultate op jou prediking te sien.

Ons sien by Jona egter die teendeel: hy was glad nie bly nie. Die HERE bring Nineve tot bekering en skenk hulle vergifnis. **MAAR Jona was hieroor erg ontstemd, en hy het kwaad geword.** Hy was hieroor erg ontstem, en hy het kwaad geword. Hy was **nie 'n bietjie ontsteld nie, maar erg.** Letterlik staan daar: **Dit was kwaad in die oë van Jona, 'n groot kwaad, 'n ramp.**

Hy het kwaad geword. Jona kon dit nie vát dat God Nineve genadig was nie. Letterlik staan daar: **Hy was warm daaroor, hy het gebrand daaroor.** In goeie Afrikaans sou ons sê: Dit het hom warm onder die kraag gemaak; Hy het gekook van woede. Hy het gegloei van haat en dit – dit oor, ja, dit oor wat die HERE gedoen het, oor die HERE se genade.

Hier het ons **wéér** die **ou Jona** met **sy maar's** teen wat God sê en doen: Die HERE is Nineve genadig – **MAAR Jona ... maar Jona is toornig. Toornig op God.**

Dit is doodeenvoudig onbegryplik: 'n Dominee is kwaad, omdat duisende mense gered is op sy prediking. Waarom is hy so kwaad? **Hieroor**, staan daar in vers 1. Met die **hieroor** word bedoel wat in Jona 3:10 staan: **hieroor**, oor God se barmhartigheid teenoor Ninevé (3:10).

Jona laat 'n mens baie dink aan die **oudste broer in die gelykenis van die verlore seun** (Lukas 15) Hy was **ook so boos**, omdat sy vader 'n deurbringer, 'n sondaar, met oop arms terugontvang het, al het hy dit nie verdien nie: **Hy het kwaad geword en wou die feessaal nie binnegaan nie**. Net so is Jona woedend op God, omdat Hy so 'n slegte stad genadig is en nie verwoes nie.

Weer sien ons hoe Jona die kerk afspieël. Die ou mens in ons, die Jona-mens.

Want die gelykenis in **Lukas 15** was juis Jesus se **antwoord op die Jode, die kerk van daardie tyd, se woedende reaksie oor Jesus se genade** aan en genadige omgang met tollenaars en sondaars. Die Jode het briesend oor soveel genade **gesê: Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle**.

Hulle en die oudste seun het gevoel: **Hulle** verdien die Here se genade, maar **hiërdie** sondaars nie. Daarom die antwoord van die oudste seun: **Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie. Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag**. (vv 29-30).

En dan begin Jona bid. Of nog skerper: Die ou mens in hom bid. Maar wat 'n gebed, wat 'n gebed is dit nie. Kom ons kyk na die

2.2 inhoud van sy tweede gebed (v2,3)

In sy boosheid begin hy bid (v.2). **Dát** hy bid tot God is goed, want dan is ons by die regte adres met al ons vrae en probleme. **Wát** hy bid, is in een woord ontstellend (vv. 2,3).

1. **Sy gebed is** in die eerste plek **'n skerp verwyd teen God**, omdat Hy Ninevé barmhartig was. Sy gebed begin met **ag**. **So is ook klaagliedere** in die Bybel: Ag ...!

Terwyl daar **blydskap, jubeling in die hemel** is oor een sondaar wat hom bekeer, **sug en kla Jona hier op aarde** daaroor. Soos die oudste seun (Lk 15:28) weier hy om saam fees te vier.

In die vervolg kom die oorsaak van sy toorn nog duideliker na vore: **Ag, HERE, het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek tevore na Tarsis gevlug; want ek het**

geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil.

Ek het gewéét U is 'n genadige en barmhartige God ... (v.2). Dit lyk na 'n **belydenis**, maar dit is 'n **verwyf**: Ek het geweet – het ek dit nie gedink nie? Het ek dit nie gedink dat U sulke goddelose mense barmhartig sal wees nie? Agter die woorde lê 'n hele hoop hoogmoed: Ek en my volk verdien dit, maar nie hierdie sondaars nie! Weer is dit asof 'n mens die stem van die oudste broer hoor.

Jona het ook 'n probleem met die verhouding tussen God se regverdigheid en barmhartigheid: Hoe kan 'n regverdige God die sonde ongestraf laat? **Jona haal Eksodus 34:6, 7** aan. Maar – tipies mes, tipies die ou mens in ons: **Hy haal dit half aan**, want daar staan dat God die sonde nie ongestraf laat nie en op Golgota het Hy sy regverdigheid in die openbaar bewys, deur die sondes van sy uitverkorenes te straf aan sy eie Seun. Die ou mens in ons is 'n Skrifverdraaier in optima forma – in die hoogste sin van die woord. Jona beoefen Skrifkritiek. Die moderne Skrifkritiek laat mos stukke ook uit die Bybel weg. Die moderne Skrifkritiek is Jona-teologie, ou-mens-teologie, genade-haat-teologie. En genade-haat is niks anders as Christus-haat nie. Christus is immers die beliggaming van God se genade (Joh 1:14).

2. In die tweede plek **praat hy sy vlug na Tarsis** goed.

Ondanks die feit dat God Jona so duidelik geleer het wat sy wil is en ondanks die feit dat God hom so wonderlik verlos het, keer hy weer terug na sy ou sonde van opstand teen die wil van God. Hy is ondankbaar! En – hy soek sy regverdiging vir sy optrede in die optrede van God. So is die mens. Dis God se skuld ... Ek was reg toe ek weggeloop het, toe ek nie geluister het nie.

3. In die derde plek **bid hy om te mag sterwe**.

Die gebed verskil soos dag en nag van die gebed van Elia in I Konings 19:4,10. Na die groot Karmel-gebeurtenis wil Elia liewer sterf.

- **Elia** wil sterf, omdat daar **geen vrug** op sy arbeid is nie.
- **Maar Jona** wil sterf, omdat sy prediking **wél vrug** gedra het! Jona wil liewer sterf as om die Here se wil en barmhartigheid met blydschap en oorgawe te aanvaar.

Ons het almal moeite daarmee om van genade alleen te lewe. Dit krenk immers ons ego, want genade sê: Jy is 'n nul op die kontrak. Jy kan geen bydrae lewer tot jou eie saligheid nie.

Ons kyk derdens na die

2.3 verhooring van Jona se tweede gebed (v4)

Jona het weer in sy ou sonde van verset teen God se wil en genade verval. In sy gebed het hy gevra om te mag sterwe.

In ons oë sou Jona dit **verdién** het as God sy gebed sou verhoor het en sy lewe van hom weggeneem het. Hy verhard hom immers in sy ou kwaad.

Hoe wonderlik, genadig reageer God dan nie op die gebed van sy hardkoppige kneg nie, want Hy gee hom nie wat hy vra en wat hy verdien nie! Selfs nou, op sy herhaalde sondigheid, word die Here nie toornig op hom nie. Al wat Hy doen, is om Jona '**n vraag** te stel: ***Het jy rede om vertoornd te wees?*** God verhoor dus wel Jona se gebed, maar nie soos hy self dit wou gehad het nie. Hoe goed is die Here nie dat Hy **tóg** die sondige gebed verhoor nie! Nogtáns, ondanks ...

Drie opmerkings oor God se vraag aan Jona:

1. Die vraag is **eerstens** so **liefdevol**, want daarmee wil Hy Jona tot besinning bring. Hy laat Jona nie voortploeter in die kwaad nie, maar met die vraag sit Hy hom agterna en wil Hy hom terugbring na Hom toe.

'n Mens begryp die wonder en grootheid van God se liefde eers dan werklik as 'n mens bedink dat dit die tweede maal in 'n kort tyd is dat sy soekende liefde sy halsstarrige kneg agtervolg. God is so geduldig met hom!

2. **Tweedens** is die vraag so **ont-dekkend, oop-dekkend**, want dit lê Jona se eie sondigheid en dus sy eie behoefte aan genade bloot.

Ons kan die vraag so omskryf: Jona, jy wat pas God se genade ervaar het, jy wat pas die evangelie van die vis ervaar het, ondanks jou ongehoorsaamheid, toe Hy, ondanks jou ongehoorsaamheid, jou lewe op so wonderlike manier van so 'n deur en deur verdiende dood gered het, is **jy** kwaad, omdat hierdie selfde genade nie net aan jou en jou volksgenote nie, maar ook aan 'n heidennasie bewys word?!

Het jy die **reg** daartoe?

Daar sit 'n stuk spot, ironie, in die vraag. Nadat hy **die reg van die HERE veroordeel** het, omdat die HERE afgesien het van sy toorn teen Nineve – nou **bevraagteken** die **HERE Jona se reg** om toornig te wees op God.

In verband met hierdie geskiedenis sê **Luther**: *Ek hoor baie liever hoe die groot heiliges gedwaal en geval het, as van die groot, heerlike dade en wonders wat hulle gedoen het, want hulle dwaling en val getuig dat hulle ook mense was soos ek. Wanneer ek hoor of lees hoe skandelik Dawid, Jona of Petrus en dergelike heiliges gestruikel en geval het, skep ek moed daar ek dink: God wat hierdie heiliges wat tog so swaar gesondig het, weer in genade aangeneem het, sal tog ook my nie verwerp nie.*

Jona bid 'n vreeslike gebed: *o **HERE**, neem dan nou tog my siel van my weg, want dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe.*

Maar hy kry nie wat hy vra nie. Maar hy ontvang 'n genadige antwoord of verhoring.

Ons praat soms van die **raaisel** van die **onverhoorde gebed**. Dit is beter om te praat van die wonder van die **ánders verhoorde** gebed, want dikwels vra ons dinge wat nie goed is vir ons nie en dan verhoor die Here ons tog in die sin dat Hy ons nie dit gee waarom ons vra nie, maar iets veel beters.

3. Slot.

Jona het die genade van die HERE aan Nineve só gehaat, dat hy tot God gebid het: *o **HERE**, neem dan nou tog my siel van my weg, want dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe.*

- Die ou mens in ons wil sterf van haat oor God se genade.
- Die nuwe mens in ons wil lewe vir Hom lewe oor sy genade.

Dit is die teenstelling tussen die ou mens en die nuwe mens:

- Die ou mens: genade-haat tot sterwens toe;
- Die nuwe mens: genade-liefde tot lewens-liefde toe ... lewe vir Christus, lief wees vir Christus.

Ja, en dit moet ons nooit vergeet nie: ... Die nuwe mens in ons word lewend deur lewegewende genade in Christus.

Ja, dit is lewe vir Christus deur die genadige kruis-en-opstanding-liefde van Christus. Daardeur word die liefde gebore, gewek: deur Christus se liefde alleen, deur genade-liefde van God alleen. En só, deur Hom alleen, uit ewige mededoeë:

so sal die liefde (God se liefde in Christus) *liefde* (in ons) *wek* (Psalm 133:1 – Totius)

Dit is nou die kontras tussen die ou mens en die nuwe mens in ons:

- Genade-haat;
- Genade-liefde.

Die ou mens in on kán ten enemale nie bid nie. Want gebed is ten diepste: roep om genade, roep om Christus, verheerliking van God se genade in Christus, en so 'n gebed háát ons Jona-mens. Daarom is die Onse Vader sekerlik die mees gehate gebed vir elke ou mens.

Samevattend:

- Genade-haat uit die haat-hart van die ou mens is tot die ewige dood toe ... genade-haat tot **ewig-sterwens** toe
- Genade-liefde uit die liefde-van die nuwe mens is tot die ewige lewe toe ... genade-liefde tot **ewig-lewens** toe.

AMEN.